Bylae 1: Assesseringsrubrieke

Week	Tipe assessering
Week 3 & 4	Formele onderwyserassessering van langer skryfstuk
Week 5 & 6	Informele selfassessering van die verslag
Week 7 & 8	Informele onderwyserassessering van toespraak
Week 9 & 10	Informele maatassessering van opsomming
Week 9 & 10	Formele onderwyserassessering van transaksionele skryfstuk
Week 11 & 12	Informele onderwyserassessering van onderhoude
Week 11 & 12	Informele selfassessering van aktiwiteit oor taalvariëteite
Week 13 & 14	Informele onderwyserassessering van groepwerksaamhede
Week 13 & 14	Informele maatassessering van langer skryfstuk
Week 13 & 14	Informele onderwyserassessering: taalverskynsels en betekenisleer
Week 13 & 14	Informele selfassessering van visuele uitbeeldings van idiome
Week 15 & 16	Informele maatassessering van leesvermoë
Week 15 & 16	Informele onderwyserassessering van leerders se leesvermoë
Week 15 & 16	Informele selfassessering van koerantopskrifte
Week 15 & 16	Informele maatassessering van koerantberig
Week 21 & 22	Formele onderwyserassessering van literêre opstel
Week 21 & 22	Informele maatassessering van brief aan die pers
Week 21 & 22	Informele onderwyserassessering van inhoud en taalgebruik
Week 25 & 26	Formele onderwyserassessering van toespraak
Week 29 & 30	Informele maatassessering van kykvaardighede
Week 29 & 30	Informele maatassessering van opsomming van ’n luisterteks
Week 31 & 32	Informele maatassessering van karakterskets
Week 33 & 34	Informele maatassessering van ooggetuieverslag
Week 33 & 34	Informele onderwyserassessering van ooggetuieverslag
Week 35 & 36	Informele maatassessering van hoofgedagtes en opsomming
Week 35 & 36	Informele maatassessering van ’n resensie
Week 37 & 38	Formele onderwyserassessering van toespraak

Week 3 en 4

Formele onderwyserassessering van langer skryfstuk

Aktiwiteit 12: Horende doof (*Formele assesseringstaak nr. 2: Skryf 'n bespiegelende opstel*)

Totaal: 50 punte	**Inhoud en beplanning (30 punte)**	**Taal, styl en redigering (15 punte)**	**Struktuur (5 punte)**
Kode 7 Uitmuntend (80–100%)	24–30 punte *Inhoud:* uitstaande, baie oorspronklik. *Idees:* stem leser tot nadenke, uitdagend, uitgebreid, volwasse. *Beplanning:* bewys van beplanning en/of konsep lei tot foutlose opstel.	12–15 punte Krities bewus van taalimpak. Gebruik gevorderde en gepaste figuurlike taal. Taal en punktuasie effektief gebruik. Woordkeuse uitsonderlik, gevorderd, uitgebreid. Styl, toon, register hoogs toepaslik vir onderwerp. Teks feitlik foutvry na proeflees en redigering.	4–5 punte Samehangende ontwikkeling van onderwerp. Uitstaande, helder besonderhede. Sinne en paragrawe is briljant saamgestel. Lengte in ooreenstemming met vereistes van onderwerp.
Kode 6 Verdienstelik (70–79%)	21–23 punte *Inhoud:* oorspronklik, prysenswaardig, verdienstelik. *Idees:* verbeeldingryk, interessant. *Beplanning:* bewys van beplanning en/of konsep lei tot vernuftige opstel.	10½–11½ punte Duidelik bewus van taalimpak. Kan figuurlike taal toepaslik gebruik. Taal, punktuasie korrek. Woordkeuse gevarieerd en kreatief. Styl, toon, register toepaslik vir onderwerp. Teks grootliks foutvry na proeflees en redigering.	3½ punte Logiese ontwikkeling van inhoud samehangend. Sinne en paragrawe is logies gevarieerd. Lengte korrek.
Kode 5 Beduidend (60–69%)	18–20 punte *Inhoud:* goed, redelik samehangend. *Idees:* interessant, oortuigend. *Beplanning:* bewys van beplanning en/of konsep lei tot goeie opstel.	9–10 punte Steeds bewus van taalimpak. Taal en punktuasie meestal korrek. Woordkeuse gepas by teks. Styl, toon, register toepaslik vir onderwerp. Teks meestal foutvry na proeflees en redigering.	3 punte Verskeie toepaslike besonderhede is ontwikkel. Sinne en paragrawe is goed saamgestel. Lengte korrek.
Kode 4 Voldoende (50–59%)	15–17 punte *Inhoud:* toepaslik, voldoende samehang. *Idees:* taamlik oorspronklik, relevant. *Beplanning:* bewys van	7½–8½ punte Soms is daar tekens van kritiese taalbewustheid. Taal eenvoudig, punktuasie voldoende. Woordkeuse voldoende.	2½ punte Sommige aspekte toon ontwikkeling van die nodige besonderhede. Sinne en paragrawe plek-plek foutief, maar die opstel

	beplanning en/of konsep lei tot 'n bevredigende opstel.	Styl, toon, register gepas. Teks het steeds foute na proeflees en redigering.	maak nog sin. Lengte byna korrek.
Kode 3 Matig (40–49%)	12–14 punte *Inhoud:* middelmatig, gewoon, leemtes in samehang. *Idees:* meestal toepaslik, beperkte oorspronklikheid. *Beplanning:* bewys van beplanning en/of konsep lei tot 'n aanvaarbare opstel.	6–7 punte Kritiese taalbewustheid beperk. Taal middelmatig, punktuasie word verkeerd gebruik. Woordkeuse is basies. Styl, toon, register ontbreek aan samehang. Teks het baie foute selfs na proeflees en redigering.	1½ punte Onderwerp nie deurgaans aangespreek nie, maar gedagtegang kan gevolg word. Elementêre konstruksie van sinne en paragrawe. Lengte te lank / kort.
Kode 2 Basies (30–39%)	9–11 punte *Inhoud:* nie altyd duidelik nie, samehang ontbreek. *Idees:* min idees, gereelde herhaling. Beplanning: ontbreek of is onaanvaarbaar; opstel onvoldoende vir huistaal, aanbieding nie goed nie.	4½–5½ punte Geen kritiese taalbewustheid. Taal en punktuasie vol foute. Woordkeuse beperk. Styl, toon, register ontoepaslik. Teks wemel van foute na proeflees en redigering.	2 punte Die nodigste besonderhede is teenwoordig. Sinne en paragrawe is meermale foutief, maar die opstel maak nog sin. Lengte te lank / kort.
Kode 1 Ontoereikend (0–29%)	0–8 punte *Inhoud:* irrelevant, geen samehang nie *Idees:* vervelig, herhalend, nie gerig op onderwerp nie *Beplanning:* ontbreek, opstel is swak aangebied en saamgestel	0–4 punte Taal en punktuasie uiters swak. Woordkeuse ontoepaslik en nie geskik nie. Styl, toon, register gebrekkig. Teks wemel van foute en is deurmekaar na proeflees en redigering. 'n Frustrerende leeservaring.	0–1 punt Onderwerp misgetas, dwaal af. Sinne en paragrawe sonder samehang. Lengte ver te kort / lank.

Week 5 en 6

Informele selfassessering van die verslag

Aktiwiteit 19: T-hemp konsternasie

Naam van leerder: _____

Datum van assessering: _____

Voltooi die volgende vraelys:

Beantwoord die volgende vrae deur 'n regmerk in die toepaslike blok te maak.	**Glad nie uitgevoer nie**	**Gedeeltelik uitgevoer**	**Goed uitgevoer**
1. Het jy jou naam, identiteitsnommer en adres bo-aan die verslag verskaf?			
2. Bevat die eerste paragraaf die datum, tyd, plek en ander besonderhede waar gebeure afgespeel het?			
3. Het jy in die eerstepersoon geskryf?			
4. Het jy in formele taal en styl geskryf?			
5. Het jy goed beplan en jou inligting georganiseer?			
6. Kan jy bewys lewer dat jy 'n eerste poging op rof geskryf het?			
7. Het jy die gebeure volledig beskryf in paragrawe?			
8. Het jy jou werk geredigeer en alle leestekens aangebring?			
9. Het jy jou spelling gekontroleer aan die hand van 'n woordeboek?			
10. Het jy die verslag onderteken en 'n datum daarby aangebring?			

Week 7 en 8

Informele onderwyserassessering van toespraak

Aktiwiteit 28: Lewer 'n toespraak

Assesseer die leerders se toesprake volgens die onderstaande kriteria.

Naam van leerder:_____	**Moontlike punte**	**Punte behaal**
Inhoud		
Trefkrag van inleiding	10	
Kennis van onderwerp	10	
Logiese beredenering	10	
Taalgebruik (verstaanbaar, gehoorvriendelik, skeppend en onpretensieus)	10	
Trefkrag in slot	10	
Totaal van inhoudelike	50	
Aanbieding		
Stemkwaliteit (duidelik hoorbaar)	10	
Houding en gebare	10	
Tempo, beklemtoning en afwisseling	10	
Entoesiasme en selfvertroue	10	
Kontak met die gehoor	10	
Totaal van aanbieding	50	
Groottotaal van toespraak	**100***	

* Verwerk na 10 punte.

Repliek op die toespraak en wenke aan die leerder:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ _____

Onderwyser se handtekening Datum

Week 9 en 10

Informele maatassessering van opsomming

Aktiwiteit 30: Skryf ’n opsomming

Naam van leerder: _____

Naam van assesseerder (maat): _____

Datum van assessering: _____

Het jou maat die volgende instruksies nagekom?

Instruksie	**Ja / Nee**
Is die sewe aspekte se kernwoorde neergeskryf?	
Is elke kerngedagte in ’n volsin van nie meer as 15 woorde nie, neergeskryf?	
Is daar by elke sin aangedui hoeveel woorde dié sin is?	
Is daar tussen elke sin ’n reël oopgelaat?	
Is die opsomming in een paragraaf geskryf?	
Is die hoeveelheid woorde wat gebruik is, aangedui?	

Trek vir elke opdrag wat nie uitgevoer is nie, een punt af.

Uitvoering van opdragte _____ uit 10.

Lees nou jou maat se opsomming met aandag deur. Onderstreep alle taalfoute wat daarin voorkom. Let veral op dat die opsomming in een paragraaf aangebied word en dat volsinne gebruik is. Dui aan waar telegramstyl (byvoorbeeld die afwesigheid van ’n lidwoord) voorkom.

Evalueer jou maat se opsomming deur die volgende tabel te gebruik. Bepaal die taal en styl en vergelyk dit met die inhoud (hoeveel feite korrek weergegee is):

	TAAL EN STYL						
INHOUD (feite)		**Puik**	**Baie goed**	**Goed**	**Gemiddeld**	**Onder-gemiddeld**	**Swak**
	Ryk (7 feite)	10	9	9	8	7	6
	Baie goed (5, 6 feite)	10	9	8	7	6	5
	Goed (4 feite)	9	8	7	6	5	4
	Gemiddeld (3 feite)	8	7	6	5	4	3
	Onder-gemiddeld (2 feite)	7	6	5	4	3	2
	Swak (1 feit)	6	5	4	3	2	1

Totaal uit 10: _____

Punte behaal	**Persentasie**	**Beskrywing**
1, 2	0–29%	Nie bereik nie
3	30–39%	Basies
4	40–49%	Voldoende
5	50–59%	Gemiddeld
6	60–69%	Beduidend
7	70–79%	Verdienstelik
8, 9, 10	80–100%	Uitnemend

Week 9 en 10

Formele onderwyserassessering van transaksionele skryfstuk

Aktiwiteit 32: Dialoog (*Formele assesseringstaak nr. 3: Skryf 'n dialoog*)

Totaal: 25 punte	**Inhoud, beplanning en formaat (15 punte)**	**Taal, styl en redigering (10 punte)**
Kode 7 Uitmuntend (80–100%)	12–15 punte Uitgebreide gespesialiseerde kennis van die vereistes van die teks. Gedissiplineerde skryfwerk. Leerder fokus presies op die aanbieding. Algehele samehang ten opsigte van inhoud en idees. Al die besonderhede ondersteun die onderwerp. Bewys van beplanninge en/of konsep lei tot aanbieding van 'n foutlose en goedbeplande teks. Formaat is toepaslik en van hoogstaande standaard.	8½–10 punte Teks is grammatikaal korrek en briljant saamgestel. Woordkeuse is van hoogstaande standaard en is uiters geskik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks. Styl, toon en register is van hoogstaande standaard en hoogs toepaslik. Na proeflees en redigering is die teks feitlik foutvry. Lengte gewoonlik in ooreenstemming met vereistes van onderwerp.
Kode 6 Verdienstelik (70–79%)	10½–11 punte Baie goeie kennis van die vereistes van die teks. Gedissiplineerde skryfwerk, fokus behou op aanbieding, geen afwyking. Teks is samehangend ten opsigte van inhoud en idees. Baie goeie uitbreiding, alle besonderhede ondersteun die onderwerp. Bewys van beplanning en/of konsep lei tot aanbieding van 'n baie goed beplande en saamgestelde teks. Noodsaaklike reëls van die formaat is baie goed toegepas.	7½–8 punte Teks is baie goed saamgestel en korrek. Woordkeuse is baie geskik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks. Styl, toon en register is toepaslik vir die vereistes van die teks. Na proeflees en redigering is teks grootliks foutvry. Lengte is gewoonlik genoegsaam.
Kode 5 Beduidend (60–69%)	9–10 punte Goeie kennis van die vereistes van die teks. Fokus is behou met geringe afwykings. Die teks is meestal samehangend wat inhoud en idees betref. Uitbreiding kom voor en besonderhede ondersteun die onderwerp. Bewyse van beplanning en/of konsep lei tot aanbieding van 'n goed beplande teks. Noodsaaklike reëls van die formaat is goed toegepas.	6½–7 punte Teks is goed saamgestel en lees maklik. Woordkeuse is toepaslik vir die doel, teikengroep en konteks van die teks. Styl, toon en register is meestal toepaslik. Na proeflees en redigering is die teks meestal foutvry. Lengte aanvaarbaar.
Kode 4 Voldoende	7½–8½ punte	5½–6 punte

(50–59%)	Voldoende kennis van die vereistes van die teks. Die leerder se fokus wyk af, maar belemmer nie die betekenis nie. Die teks is voldoende samehangend wat inhoud en idees betref, sommige besonderhede ondersteun die onderwerp. Bewys van beplanning en/of konsep lei tot die aanbieding van 'n bevredigende teks. Voldoen aan formaatvereistes, maar enkele foute kom voor.	Teks is so saamgestel dat dit maklik lees. Foute beïnvloed nie die leesbaarheid nie. Woordkeuse is gedeeltelik toepaslik vir doel, teikengroep en konteks, styl, toon en register is taamlik toepaslik. Na proeflees en redigering het teks foute. Lengte steeds aanvaarbaar.
Kode 3 Matig (40–49%)	6–7 punte Matige kennis van die vereistes van die teks. Respons op opdrag vertoon beperkte fokus. Leerder wyk af van die opdrag en betekenis is plek-plek vaag. Die teks is nog samehangend wat inhoud en idees betref, sommige besonderhede ondersteun die onderwerp. Bewys van beplanning en/of konsep lei tot die aanbieding van 'n aanvaarbare teks. Noodsaaklike reëls van die formaat is genoegsaam toegepas, nalatige foute is gemaak.	4½–5 punte Teks net basies saamgestel, verskeie foute. Woordkeuse is beperk en nie baie toepaslik vir doel, teikengroep en konteks van teks nie. Gebreke in styl, toon en register. Na proeflees en redigering het die teks verskeie foute. Lengte nog aanvaarbaar.
Kode 2 Basies (30–39%)	4½–5½ punte Basiese kennis van die vereistes van die teks, reaksie op die opdrag toon baie beperkte fokus. Leerder wyk af van die opdrag en die betekenis is plek-plek nie van toepassing nie. Inhoud en idees van teks is nie altyd samehangend nie, min besonderhede ondersteun die onderwerp. Beplanning ontbreek of is onaanvaarbaar omdat dit ontoepaslik is. Het 'n vae idee van die teksformaat, maar growwe foute is gemaak.	3½–4 punte Teks is swak saamgestel en moeilik om te volg. Woordkeuse het remediëring nodig en is nie toepaslik vir doel, teikengroep en konteks nie. Styl, toon en register nie geskik nie. Die teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. Lengte dikwels te lank / te kort.
Kode 1 Ontoereikend (0–29%)	0–4 punte Geen kennis van die vereistes van die teks nie, respons op die opdrag vertoon byna geen fokus nie. Leerder wyk af van die opdrag en die betekenis van die teks is nie van toepassing nie. Inhoud en idees is onsamehangend, baie min besonderhede ondersteun die onderwerp. Beplanning ontbreek of is ontoereikend, teks is swak aangebied. Teksformaat is nie toegepas nie.	0–3 punte Teks is baie swak saamgestel en baie moeilik om te volg. Woordkeuse het ernstig aandag nodig en is nie geskik vir doel, teikengroep en konteks nie. Styl, toon en register korrespondeer nie met die onderwerp nie. Teks is besaai met foute en is deurmekaar ten spyte van proeflees en redigering. Lengte gewoonlik te lank / te kort.

Week 11 en 12

Informele onderwyserassessering van onderhoude

Aktiwiteit 35: Van gesprek tot onderhoud ...

Datum van assessering: _____

Gebruik die volgende assesseringsrubriek om die leerders se praatvermoë te evalueer:

Name van leerders	Deeglike navorsing (uit 5)	Logiese denke en beredenering (uit 5)	Korrekte taal-gebruik (uit 5)	Stem-kwaliteit en uitspraak (uit 5)	Houding en gebare (uit 5)	Totaal uit 25

Week 11 en 12

Informele selfassessering van aktiwiteit oor taalvariëteite

Aktiwiteit 35: Loslit Afrikaans!

Naam van leerder: _____

Datum van assessering: _____

Leerder se punt behaal: _____ uit 25 = _____ %

Punte behaal uit 25	**Persentasie**	**Beskrywing**
1 tot 6	0–29%	Nie bereik nie
7 tot 9	30–39%	Basies
10 tot 12	40–49%	Voldoende
13 tot 14	50–59%	Gemiddeld
15 tot 17	60–69%	Beduidend
18 tot19	70–79%	Verdienstelik
20 tot 25	80–100%	Uitnemend

Skryf hier neer wat jy nog nie verstaan nie:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Voltooi indien van toepassing:

	Leerder het nie die opdrag voltooi nie.

	Leerder was afwesig met rede.

Week 13 en 14

Informele onderwyserassessering van groepwerksaamhede

Aktiwiteit 41: Van Nederlands tot Flaaitaal

Datum van assessering: _____

Gebruik die volgende en beoordeel volgens onderstaande kriteria:

Punt behaal	Persentasie	Beskrywing
1, 2	0–29%	Nie bereik nie
3	30–39%	Basies
4	40–49%	Voldoende
5	50–59%	Gemiddeld
6	60–69%	Beduidend
7	70–79%	Verdienstelik
8, 9, 10	80–100%	Uitnemend

Name van leerders	**Doelgerig** (uit 10)	**Same-werking** (uit 10)	**Deel-name** (uit 10)	**Positiewe bydrae** (uit 10)	**Respekteer ander** (uit 10)	**Totaal uit 50**

Week 13 en 14

Informele maatassessering van langer skryfstuk

Aktiwiteit 47: Waag jou hand aan die pen

Skrywer van skryfstuk: _____

Evalueerder van skryfstuk: _____

Datum van assessering: _____

Jy gaan nou jou maat se skryfstuk assesseer en redigeer.

Die doel hiervan is tweërlei van aard:

- Jou assessering kan ’n groot bydrae lewer om jou maat se skryfstuk te verbeter.
- In die redigering van jou maat se skryfstuk, gaan jy self ook baie leer.

1. Bestudeer jou maat se **beplanning** van sy of haar skryfstuk. Het jou maat sinvol beplan? Maak ’n kruis in die toepaslike blokkie:

My maat het glad nie beplan nie. ’n Paar hoofgedagtes is nadat die skryfstuk voltooi is, neergepen.	My maat het beplan, maar nie deeglik nie. Die skryfstuk stem nie ooreen met die beplanning nie.	My maat het goed beplan. Daar is duidelike orde in die beplanning.	My maat het uitstekend beplan en het die beplanning gebruik as riglyn waarvolgens hy of sy die skryfstuk geskryf het.

2. Lees nou jou maat se skryfstuk ’n paar keer aandagtig deur. Doen jou assessering altyd met ’n *potlood*. **Nommer** al die **paragrawe** van die skryfstuk numeries.
3. Onderstreep nou alle **spelfoute** wat in die skryfstuk voorkom. As jy onseker is oor die spelling van sekere woorde, moet jy dit naslaan in die woordeboek. Hierdie redigering sal julle albei tot voordeel strek. Skryf die **korrekte spelling** van die foutiewe woorde in onderstaande blokkie neer:

Die skrywer van die skryfstuk moet hierdie bogenoemde woorde se spelling leer en nie weer dieselfde foute maak nie.

4. *Omkring* alle woorde waar **woordgevoeligheid** toegepas kan word. Omkring geykte woorde waar gepaste treffende sinonieme 'n wesenlike verskil kan maak en die skryfstuk kan verbeter.

Geykte woorde	**Meer gepaste sinonieme**

5. Watter gepaste idiome / spreuke / idiomatiese uitdrukkings / vergelykings en dies meer kan gebruik word om jou maat se skryfstyl te verbeter? Skryf die nommer van die paragraaf waarin 'n **gepaste idioom** gebruik kon word, neer en skryf daarnaas die gepaste idioom in die blokkie:

Paragraaf nr.	**Voorbeeld van gepaste idioom of spreuk wat gebruik kan word**

6. Dui die **stylmiddele** en **uitheffingstegnieke** wat jou maat in sy of haar skryfstuk gebruik het aan, deur 'n kruis oor die toepaslike blokkie te maak:

Ellips	Akuutaksent	Tipografie	Voor-, agter-, alleenplasing
Afwisseling van sinslengtes	Sintuiglike waarneming	Herhaling	Voegwoordherhaling

7. Is die **leestekens** in die skryfstuk korrek gebruik? Dui die leestekenfoute in onderstaande blokkie aan:

8. Ek evalueer hierdie skryfstuk as volg (maak 'n kruis in die toepaslike blokkie):

Uitstekend	**Baie goed**	**Goed**	**Gemiddeld**	**Kort aandag**

Week 13 en 14

Informele onderwyserassessering: taalverskynsels en betekenisleer

Toets oor betekenisleer en taalverskynsels

Naam van leerder: _____

Datum van assessering: _____

Leerder se punt behaal: _____ uit 50 = _____ %

Punte behaal uit 50	**Persentasie**	**Beskrywing**
1 tot 14	0–29%	Nie bereik nie
15 tot 19	30–39%	Basies
20 tot 24	40–49%	Voldoende
25 tot 29	50–59%	Gemiddeld
30 tot 34	60–69%	Beduidend
35 tot 39	70–79%	Verdienstelik
40 tot 50	80–100%	Uitnemend

Die volgende leerinhoud is nog nie bemeester nie en kort aandag:

Vraag verkeerd	**Leerinhoud nog nie bemeester nie**	**Bestudeer *Studiegids***
Vraag 1	Taalverskynsels	Bl. 271
Vraag 2	Sinonieme	Bl. 275
Vraag 3	Antonieme	Bl. 276
Vraag 4	Homofone	Bl. 278
Vraag 5	Doeblette en paronieme	Bl. 279
Vraag 6	Idiome	Bl. 280

Onderwyser se kommentaar: _____
_____
_____
_____

_____ _____

Onderwyser se handtekening Datum

Week 13 en 14

Informele selfassessering van visuele uitbeeldings van idiome

Aktiwiteit 50: Idiome in prente

Naam van leerder: _____

Datum van assessering: _____

Dui aan watter van die agt idiome en hulle verklaring jy korrek gehad het deur 'n regmerk in die toepaslike blokkie te maak:

Idioom	✓	**Verklaring**	✓
Wys waar Dawid die wortels gegrawe (nie begrawe nie) het.		Wys hom dat hy sy meerdere is.	
As dit pap reën, moet jy skep.		Jy moet gebruik maak van elke geleentheid.	
Hy knip sy stertvere.		Om iemand sy mag ontneem, om iemand te berispe.	
Hy praat uit twee monde.		Hy is vals, oneerlik.	
So skaars soos hoendertande.		Baie skaars.	
Die hond in die pot kry.		Te laat vir ete opdaag.	
Sy hande is afgekap.		Hy kan niks aan die saak doen nie.	
Bobbejaan het daar 'n kierie nodig.		Die pad is onbegaanbaar.	

Dui jou vlak van bevoegdheid aan:

Punte behaal uit 16	**Persentasie**	**Beskrywing**
1 tot 4	0–29%	Nie bereik nie
5 tot 6	30–39%	Basies
7	40–49%	Voldoende
8 tot 9	50–59%	Gemiddeld
10 en 11	60–69%	Beduidend
12	70–79%	Verdienstelik
13 tot 16	80–100%	Uitnemend

Wenke by die identifisering van idiome

Dit is belangrik dat jy die idiome moet ken alvorens jy hulle in uitbeeldings sal kan eien. Leer dus soveel moontlik idiome (sien bl. 280 in die *Studiegids*).
Die prentjie beeld gewoonlik die idioom se *letterlike betekenis* uit. Kyk dus na die prentjie en skryf kort aantekeninge neer van wat jy in die prentjie *sien*.
Probeer dan om 'n verband met 'n *bestaande idioom* te trek.

Week 15 en 16

Informele maatassessering van leesvermoë

Aktiwiteit 53: Luidlees

Naam van leser: _____

Naam van evalueerder: _____

Datum van assessering: _____

Spoedlees

1. Hoeveel woorde per minuut het jou maat gelees?

   _____ woorde per minuut.

2. Hoeveel vrae van Opdrag 1 het jou maat korrek gehad? Skryf die punt uit 10 hier neer.

   _____ uit 10

Uitspraak

Gebruik die vyfpuntskaal en beoordeel volgens onderstaande kriteria:

Punt uit 5	Persentasie	Beskrywing
1	0–39	Nie voldoen nie
2	40–49	Gedeeltelik voldoen
3	50–64	Voldoen
4	65–79	Voldoen met meriete
5	80–100	Voldoen met onderskeiding

Uitspraak	Punt uit 5
1. Word sekere woorde beklemtoon en word die tempo afgewissel?	
2. Weet die leser wat gelees is? Stel aan jou maat 'n paar vrae oor die inhoud.	
3. Word die woorde korrek en duidelik hoorbaar uitgespreek? Sluk jou maat sekere woorde in?	
4. Word aan leestekens gehoor gegee?	
5. Word daar vloeiend en vlot gelees?	
6. Gebruik jou maat gesigspel en oogkontak om die teks te verlewendig?	
Totaal uit 30	

Week 15 en 16

Informele onderwyserassessering van leerders se leesvermoë

Aktiwiteit 53: Luidlees (assessering vervolg)

Gebruik die vyfpuntskaal en beoordeel volgens onderstaande kriteria:

Punt uit 5	Persentasie	Beskrywing
1	0–39	Nie voldoen nie
2	40–49	Gedeeltelik voldoen
3	50–64	Voldoen
4	65–79	Voldoen met meriete
5	80–100	Voldoen met onderskeiding

Name van leerders	Uitspraak	Begrip	Tempo	Frasering en intonasie	Vlotheid	Totaal

Week 15 en 16

Informele selfassessering van koerantopskrifte

Aktiwiteit 58: Trefferkoppe

Beantwoord die volgende vrae baie eerlik:	**Ja / Nee**
1. Is dit trefferkoppe wat die aandag getrek het en nuuskierigheid geprikkel het?	
2. Het jy die koppe met sorg uitgesoek (nie sommer net die eerstes uitgeknip nie)?	
3. Is dit netjies uitgeknip?	
4. Is dit op 'n interessante manier ingeplak?	

Informele maatassessering van koerantberig

Aktiwiteit 60: Skryf 'n koerantberig

Gee jou koerantberig vir jou maat. Jou maat redigeer en assesseer die koerantberig as volg:

Redigering

Lees die berig deeglik deur. Gebruik 'n potlood om die volgende te doen.

1. Onderstreep alle spelfoute en skryf die korrekte spelwyse bo die foutiewe woord neer.
2. Kontroleer of alle leestekens ingevul is. Korrigeer waar nodig.
3. Korrigeer ook sinsboufoute indien daar enige is.
4. Kontroleer of die paragrafering van die berig korrek is. Dui met hakies aan indien paragrawe verkeerd ingedeel is.

Voltooi die volgende vraelys:

Beantwoord die volgende vrae deur 'n regmerk in die toepaslike blok te maak.	**Glad nie**	**Gedeeltelik uitgevoer**	**Goed uitgevoer**
1. Het die berig 'n treffende oorspronklike opskrif?			
2. Het die berig 'n treffende inleidingsin wat die vrae wie? wat? waar? en wanneer? beantwoord?			
3. Het jou maat nugter geskryf sonder om emosioneel betrokke te raak?			
4. Is die inligting logies georden?			

Bestudeer jou maat se opskrif van sy of haar berig. Skryf nou ten minste twee ander opskrifte neer wat ook gebruik kon word:

_____

_____

_____

_____

Vergelyk nou die opskrifte wat julle albei gegee het. Bespreek dit met mekaar. Watter opskrif is die treffendste? Skryf dié trefferkop hier neer:

_____

_____

Beoordeel jou maat se berig deur na die **inhoud** sowel as die **taalgebruik** op te let. Merk ooreenkomstig in die toepaslike blokkie:

7 Uitmuntend (80–100%)	Hierdie is 'n uitstekende berig. Die taal is uitsonderlik en die inhoud ryk.
6 Verdienstelik (70–79%)	Hierdie is 'n baie goeie berig. Die taal is baie goed en die inhoud ryk.
5 Beduidend (60–79%)	Die berig is goed. Daar is geringe taalfoute. Die inhoud is baie goed.
4 Voldoende (50–59%)	Die berig is goed. Daar is enkele taalfoute. Inhoud is goed.
3 Matige prestasie (40–49%)	Die berig is gedoen, maar daar is baie taalfoute. Inhoud is redelik.
2 Basiese prestasie (30–39%)	Die berig is gedeeltelik voltooi. Daar is baie taalfoute. Inhoud is swak.
1 Nie bereik nie (0–29%)	Opdrag is nie uitgevoer nie of opdrag is verkeerd en onvoldoende uitgevoer. Taal is baie swak en inhoud is swak.

Die persentasie wat jy aan jou maat se berig toegeken het: _____

Week 21 en 22

Formele onderwyserassessering van literêre opstel

Aktiwiteit 72: Die studie van die letterkunde – roman (*Formele assesseringstaak nr. 6: Literêre opstel*)

Inhoud (punt uit 15) Vertolking van onderwerp. Diepte van argument, motivering en begrip van voorgeskrewe werk.	**Struktuur en taal** (punt uit 10) Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Taal, toon en styl in opstel gebruik.
Kode 7: 80% – 100% **Uitmuntend: 12 tot 15 punte** Diepgaande vertolking van onderwerp, alle aspekte volledig verken. Uitstekende respons. Verskeidenheid treffende argumente, volledig uit teks gestaaf. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	**Kode 7: 80% – 100%** **Uitmuntend: 8 tot 10 punte** Opstel met 'n samehangende struktuur. Uitstekende inleiding en slot. Argumente goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, styl en toon volwasse, indrukwekkend, korrek.
Kode 6: 70% – 79% **Verdienstelik: 11 punte** Bogemiddelde vertolking van onderwerp, alle aspekte goed verken. Volledige respons. Verskeidenheid argument goed uit teks gestaaf. Baie goeie begrip van genre en teks.	**Kode 6: 70% – 79%** **Verdienstelik: 7 punte** Opstel goed gestruktureerd. Goeie inleiding en slot. Argument en gedagtegang maklik om te volg. Taal, styl en toon korrek en geskik vir doel. Goeie aanbieding.
Kode 5: 60% – 69% **Beduidend: 9 of 10 punte** Toon begrip en onderwerp goed vertolk. Redelik volledige respons. Sommige goeie argumente, maar nie almal goed genoeg gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	**Kode 5: 60% – 69%** **Beduidend: 6 punte** Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding en slot en ander paragrawe samehangend georganiseerd. Gedagtegang kan gevolg word. Taal, styl en toon grootliks korrek.

Kode 4: 50% – 59% **Voldoende: 8 punte** Redelike begrip van onderwerp, nie alle aspekte volledig verken nie. Sommige goeie punte ter stawing van onderwerp. Die meeste argumente gemotiveer, maar bewyse nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	**Kode 4: 50% – 59%** **Voldoende: 5 punte** Bewyse van struktuur. Opstel ontbreek 'n goeie gestruktureerde logiese vloei en samehang. Taalfoute minder belangrik. Toon en styl meestal geskik. Paragrafering meestal korrek.
Kode 3: 40% – 49% **Matig: 6 of 7 punte** Baie gewone, middelmatige poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepgaande begrip in reaksie op onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en min motivering uit teks. Leerder begryp nie genre of teks ten volle nie.	**Kode 3: 40% – 49%** **Matig: 4 punte** Beplanning van struktuur toon leemtes. Argumente nie logies gerangskik nie. Taalfoute duidelik. Toon en styl nie geskik vir akademiese doel nie. Paragrafering foutief.
Kode 2: 30% – 39% **Basies: 5 punte** Swak begrip van onderwerp. Respons herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argument nie, foutiewe vertolking. Argumente nie uit teks gemotiveer nie. Baie swak begrip van teks en genre.	**Kode 2: 30% – 39%** **Basies: 3 punte** Swak aanbieding en gebrek aan beplande struktuur, belemmer vloei van argumente. Taalfoute en foutiewe styl lei daartoe dat opstel grootliks onsuksesvol is.
Kode 1: 0% – 29% **Ontoereikend: 0 tot 4 punte** Respons toon 'n mate van aansluiting by die onderwerp, maar argumente moeilik om te volg of grootliks irrelevant. Swak poging om vraag te beantwoord. Die paar toepaslike punte is glad nie uit die teks gemotiveer nie. Baie swak begrip van teks en genre.	**Kode 1: 0% – 29%** **Ontoereikend: 0 tot 2 punte** Moeilik om te bepaal of daar oor onderwerp geskryf is. Geen bewyse van beplande struktuur of logika nie. Geen paragrafering of samehang nie. Swak taal, foutiewe styl en toon.

Geneem uit *Manaka Plek van die Horings – Skooluitgawe met leesgids* deur Pieter Pieterse, bl. 295.

Week 21 en 22

Informele maatassessering van brief aan die pers

Aktiwiteit 76: Brief aan die pers

Skrywer se naam: _____

Maat se naam: _____

Datum van assessering: _____

Redigering

Lees jou maat se brief aandagtig deur. Gebruik ’n potlood om die volgende te doen.

1. Onderstreep alle spelfoute en skryf die korrekte spelwyse bo die foutiewe woord neer. As jy onseker is oor die spelling van woorde, slaan dit in ’n woordeboek na.
2. Kontroleer jou maat se leestekengebruik. Eindig elke sin met ’n punt? Is al die kommas ingevul? Word daar van aandagstrepe gebruik gemaak om aandag op belangrike inhoud te vestig? Dui aan waar dit ontbreek.
3. Korrigeer ook sinsboufoute indien daar enige is.
4. Kontroleer of die paragrafering van die brief korrek is. Dui met hakies aan indien paragrawe verkeerd ingedeel is.
5. Omkring geykte woorde waar ’n meer gepaste sinoniem of beskrywing die skryfstyl kan verbeter.

Voltooi die volgende vraelys:

Beantwoord die volgende vrae deur ’n regmerk in die toepaslike blok te maak.	**Glad nie**	**Gedeeltelik uitgevoer**	**Goed uitgevoer**
1. Is die twee adresse korrek?			
2. Is die brief gerig aan die redakteur?			
3. Is die aanhef korrek? (Geagte Meneer / Geagte Me.)			
4. Het die brief ’n treffende opskrif en is dié opskrif onderstreep of skuinsgedruk of in hoofletters geskryf?			
5. Het jou maat nugter geskryf sonder om emosioneel betrokke te raak?			
6. Is die inligting logies georden?			
7. Is die brief korrek afgesluit?			

Skryf neer wat in die brief vir jou goed was en waarvan jy gehou het:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Skryf neer wat in die brief jou gepla het en watter foute hinderlik was sodat jou maat dit in die toekoms kan uitskakel:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Gee nou die brief vir jou maat terug. Hy korrigeer en skryf die brief oor. Albei die skryfstukke moet ingehandig word. Proses-skryf word dus toegepas.

Week 21 en 22

Informele onderwyserassessering van inhoud en taalgebruik

Aktiwiteit 76: Brief aan die pers (assessering vervolg)

Die onderwyser assesseer nou die leerder se brief aan die pers deur na die **inhoud** sowel as die **taalgebruik** op te let en die toepaslike blok te merk:

7 Uitmuntend (80–100%)	Hierdie is 'n uitstekende brief. Die taal is uitsonderlik en die inhoud ryk.
6 Verdienstelik (70–79%)	Hierdie is 'n baie goeie brief. Die taal is baie goed en die inhoud ryk.
5 Beduidend (60–79%)	Die brief is goed geskryf. Die inhoud is baie goed. Daar is slegs geringe taalfoute.
4 Voldoende (50–59%)	Die brief is goed geskryf. Daar is nog enkele taalfoute. Inhoud is goed.
3 Matige prestasie (40–49%)	Die brief is geskryf, maar daar is nog baie taalfoute. Inhoud is redelik.
2 Basiese prestasie (30–39%)	Brief is gedeeltelik voltooi. Daar is steeds baie taalfoute. Inhoud is swak.
1 Nie bereik nie (0–29%)	Opdrag is nie uitgevoer nie of opdrag is verkeerd en onvoldoende uitgevoer. Taal is baie swak en inhoud is swak.

Onderwyser se kommentaar: _____
_____
_____
_____

_____ _____
Onderwyser se handtekening Datum

_____ _____
Ouer / voog se handtekening Datum

_____ _____
Leerder se handtekening Datum

Week 25 en 26

Formele onderwyserassessering van toespraak

Aktiwiteit 85: ***Formele assesseringstaak nr. 8: Evaluering van die onvoorbereide toespraak***

Assesseer die leerders se toesprake volgens die onderstaande kriteria.

Naam van leerder:_____	**Moontlike punte**	**Punte behaal**
Inhoud		
Trefkrag van inleiding	10	
Kennis van onderwerp	10	
Logiese beredenering	10	
Taalgebruik (verstaanbaar, gehoorvriendelik, skeppend en onpretensieus)	10	
Trefkrag in slot	10	
Totaal van inhoudelike	50	
Aanbieding		
Stemkwaliteit (duidelik hoorbaar)	10	
Houding en gebare	10	
Tempo, beklemtoning en afwisseling	10	
Entoesiasme en selfvertroue	10	
Kontak met die gehoor	10	
Totaal van aanbieding	50	
Groottotaal van toespraak	**100***	

* Verwerk na 10 punte.

Repliek op die toespraak en wenke aan die leerder:

_____

_____

_____

_____

_____

_____ _____

Onderwyser se handtekening Datum

Week 29 en 30

Informele maatassessering van kykvaardighede

Aktiwiteit 98: Die illustrasie onder die loep...

Leerder se naam: _____

Maat se naam: _____

Datum van assessering: _____

Hoe goed kon jou maat afleidings uit die illustrasie maak? Sien jou maat se antwoorde na. Hoeveel het hy of sy korrek gehad?

_____ uit 10 = _____ %

Assesseer jou maat se kykvaardighede deur die toepaslike blok te merk:

Persentasie	**Beskrywing**
0–29%	Nie bereik nie
30–39%	Basies
40–49%	Voldoende
50–59%	Gemiddeld
60–69%	Beduidend
70–79%	Verdienstelik
80–100%	Uitnemend

Week 29 en 30

Informele maatassessering van opsomming van ’n luisterteks

Aktiwiteit 99: Opsomming van ’n luisterteks

Leerder se naam: _____

Maat se naam: _____

Datum van assessering: _____

Het jou maat die instruksies in die *Leerderboek* nagekom? Maak ’n regmerk indien jou maat die instruksie uitgevoer het en ’n kruis indien dit nie uitgevoer is nie.

	Het jou maat die hoofgedagtes puntsgewys opgesom? Indien nie, trek een punt af.
	Het jou maat aangedui hoeveel woorde in elke sin is? Nie? Trek ’n punt af.
	Is die opsomming in een enkele paragraaf geskryf? Indien die opsomming nie in één paragraaf geskryf is nie, trek een punt af.
	Is volsinne gebruik? As jou maat telegramstyl geskryf het of nie volsinne gebruik het nie, trek nog ’n punt af.
	Is daar aangedui hoeveel woorde gebruik is? Indien jou maat versuim het om die hoeveelheid woorde aan te dui, trek een punt af.
	Is die opsomming van ’n eie gepaste titel voorsien? Indien nie, trek ’n punt af.

Vir elke instruksie wat nie uitgevoer is nie, word een punt afgetrek. Dui nou jou maat se punte uit 10 aan. As jou maat alle instruksies uitgevoer het, verdien hy of sy volpunte.

Uitvoering van instruksies: _____ uit 10

Lees nou weer jou maat se opsomming deur. Die onderwyser gaan aan julle die vier uitvindsels verskaf. Merk elke hoofgedagte duidelik in die opsomming. Dui alle taalfoute (sinsbou, spelling, woordkeuse, en leestekens) duidelik aan. Dui aan waar jou maat verkeerdelik telegramstyl gebruik het.

Evalueer jou maat se opsomming deur die volgende tabel te gebruik. Bepaal die taal en styl en vergelyk dit met die inhoud (hoeveel feite korrek weergegee is). Trek 'n duidelike kruis oor die toepaslike blok:

		TAAL EN STYL					
		Puik	**Baie goed**	**Goed**	**Gemiddeld**	**Onder-gemiddeld**	**Swak**
INHOUD (feite)	**Ryk**	10	9	9	8	7	6
	Baie goed	10	9	8	7	6	5
	Goed	9	8	7	6	5	4
	Gemiddeld	8	7	6	5	4	3
	Onder-gemiddeld	7	6	5	4	3	2
	Swak	6	5	4	3	2	1

Totaal uit 10: _____

Week 31 en 32

Informele maatassessering van karakterskets

Aktiwiteit 110: Beskrywing van ’n karakter

Skrywer van karakterskets: _____

Naam van assesseerder: _____

Datum van assessering: _____

1. Lees jou maat se karakterskets deeglik deur.
2. Onderstreep alle spelfoute en skryf die korrekte spelwyse bo die foutiewe woord neer.
3. Het jou maat in paragrawe geskryf? Indien nie, dui die paragraafverdeling aan.

Beantwoord die volgende vrae deur ’n regmerk in die toepaslike blok te maak.	**Glad nie**	**Gedeeltelik uitgevoer**	**Goed uitgevoer**
1. Is daar van sintuiglike waarneming gebruik gemaak?			
2. Is daar ’n idioom of ’n treffende raak beskrywing van die karakter in jou maat se skryfstuk?			
3. Lees weer jou maat se skryfstuk en let op na die leestekengebruik. Is daar ’n punt na elke sin? Is daar kommas op die regte plekke in die sin?			
4. Is daar leestekens as uitdrukkingsmiddel gebruik? (Byvoorbeeld aandagstrepe, uitroepteken, ellips, ensovoorts.)			

Beoordeel nou jou maat se karakterskets deur na die inhoud en die skryfstyl te kyk. Maak ’n duidelike kruis oor die toepaslike blokkie.

7 Uitmuntend (80–100%)	Dit is 'n uitstekende skryfstuk. Die taal is uitsonderlik en die inhoud ryk.
6 Verdienstelik (70–79%)	Dit is 'n baie goeie skryfstuk. Die taal is baie goed en die inhoud ryk.
5 Beduidend (60–79%)	Die skryfstuk is goed. Daar is geringe taalfoute. Die inhoud is baie goed.
4 Voldoende (50–59%)	Die skryfstuk is goed. Daar is enkele taalfoute. Inhoud is goed.
3 Matige prestasie (40–49%)	Die skryfstuk is gedoen, maar daar is baie taalfoute. Inhoud is redelik.
2 Basiese prestasie (30–39%)	Skryfstuk is gedeeltelik voltooi. Daar is baie taalfoute. Inhoud is swak.
1 Nie bereik nie (0–29%)	Opdrag is nie uitgevoer nie of opdrag is verkeerd en onvoldoende uitgevoer. Taal is baie swak en inhoud is swak.

Watter wenke kan jy jou maat gee om sy of haar skryfstyl te verbeter?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Week 33 en 34

Informele maatassessering van ooggetuieverslag

Aktiwiteit 115: 'n Ooggetuieverslag

Naam van leerder: _____

Naam van maat wat redigering doen: _____

Datum van assessering: _____

1. Neem jou maat se verslag en lees dit 'n paar keer deur.
2. Onderstreep alle spelfoute en skryf die korrekte spelling bo die woord neer.
3. Het jou maat in duidelike paragrawe geskryf? Korrigeer die paragraafindeling indien dit verkeerd is.

Beantwoord die volgende vrae deur 'n regmerk in die toepaslike blok te maak:	**Glad nie**	**Gedeeltelik uitgevoer**	**Goed uitgevoer**
1. Het jou maat sy of haar persoonlike besonderhede boaan die verslag geskryf?			
2. Bevat die eerste paragraaf die datum, tyd, plek en ander besonderhede oor waar die gebeure afgespeel het?			
3. Is die volgende paragraaf 'n logiese uitbreiding van gebeure?			
4. Is die slotparagraaf 'n samevatting van die gebeure of 'n gevolgtrekking wat gemaak word?			
5. Is die verslag onderteken en is die datum daarby aangebring?			

Handig nou die finale produk in vir assessering deur die onderwyser. Die onderwyser gaan die inhoud van die verslag beoordeel en die taal en styl daarvan bepaal.

Week 33 en 34

Informele onderwyserassessering van ooggetuieverslag

Aktiwiteit 115: 'n Ooggetuieverslag (assessering vervolg)

Die punt wat deur die onderwyser aan die verslag toegeken is _____ uit 25.
Maak 'n kruis in die dienooreenkomstige blok:

7 Uitmuntend (80–100%)	Dit is 'n uitstekende verslag. Die taal is uitsonderlik en die inhoud ryk. Skryfstyl is nugter, saaklik.
6 Verdienstelik (70–79%)	Dit is 'n baie goeie verslag. Die taal is baie goed en die inhoud ryk. Skryfstyl is saaklik en korrek.
5 Beduidend (60–79%)	Die verslag is goed. Daar is geringe taalfoute. Die inhoud is baie goed. Skryfstyl is saaklik en korrek.
4 Voldoende (50–59%)	Die verslag is goed. Daar is enkele taalfoute. Inhoud is goed. Skryfstyl is gewoon.
3 Matige prestasie (40–49%)	Die verslag is geskryf, maar daar is baie taalfoute. Inhoud is redelik. Skryfstyl is alledaags.
2 Basiese prestasie (30–39%)	Verslag is gedeeltelik voltooi. Daar is baie taalfoute. Inhoud is swak. Skryfstyl is emosioneel.
1 Nie bereik nie (0–29%)	Opdrag is nie uitgevoer nie of opdrag is verkeerd en onvoldoende uitgevoer. Taal is baie swak en inhoud is swak.

Onderwyser se kommentaar:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ _____

Onderwyser se handtekening Datum

Week 35 en 36

Informele maatassessering van hoofgedagtes en opsomming

Aktiwiteit 119: Som op

Naam van leerder: _____

Naam van assesseerder: _____

Datum van assessering: _____

Het jou maat die instruksies in die *Leerderboek* nagekom? Maak ’n regmerk indien jou maat die instruksie uitgevoer het en ’n kruis indien dit nie uitgevoer is nie.

	Het jou maat die hoofgedagtes puntsgewys opgesom? Indien nie, trek een punt af.
	Het hy of sy aangedui hoeveel woorde in elke sin is? Nie? Trek ’n punt af.
	Is die opsomming in een enkele paragraaf geskryf? Indien die opsomming nie in één paragraaf geskryf is nie, trek een punt af.
	Is volsinne gebruik? As jou maat telegramstyl geskryf het of nie volsinne gebruik het nie, trek nog ’n punt af.
	Is daar aangedui hoeveel woorde gebruik is? Indien jou maat versuim het om die hoeveelheid woorde aan te dui, trek een punt af.
	Is die opsomming van ’n eie gepaste titel voorsien? Indien nie, trek ’n punt af.

Vir elke instruksie wat nie uitgevoer is nie, word een punt afgetrek. Dui nou jou maat se punte uit 10 aan. As jou maat alle instruksies uitgevoer het, verdien hy of sy volpunte.

Uitvoering van instruksies: _____ uit 10

Lees nou weer jou maat se opsomming deur. Die onderwyser gaan aan julle die ses hoofgedagtes verskaf. Merk elke hoofgedagte duidelik in die opsomming. Dui alle taalfoute (sinsbou, spelling, woordkeuse, en leestekens) duidelik aan. Dui aan waar jou maat verkeerdelik telegramstyl gebruik het.

Evalueer jou maat se opsomming deur die volgende tabel te gebruik. Bepaal die taal en styl en vergelyk dit met die inhoud (hoeveel feite korrek weergegee is). Trek 'n duidelike kruis oor die toepaslike blok:

		TAAL EN STYL					
		Puik	**Baie goed**	**Goed**	**Gemiddeld**	**Onder-gemiddeld**	**Swak**
INHOUD (feite)	**Ryk** (6 feite)	10	9	9	8	7	6
	Baie goed (5 feite)	10	9	8	7	6	5
	Goed (4 feite)	9	8	7	6	5	4
	Gemiddeld (3 feite)	8	7	6	5	4	3
	Onder-gemiddeld (2 feite)	7	6	5	4	3	2
	Swak (1 feit)	6	5	4	3	2	1

Totaal uit 10: _____

Week 35 en 36

Informele maatassessering van ’n resensie

Aktiwiteit 121: Skryf ’n resensie

Naam van resensent: _____

Naam van assesseerder: _____

Datum van assessering: _____

1. Neem jou maat se resensie en lees dit ’n paar keer deur.
2. Onderstreep alle spelfoute en skryf die korrekte spelling bo die woord neer.
3. Het jou maat in duidelike paragrawe geskryf? Onthou elke paragraaf het ’n duidelike hoofgedagte. Korrigeer die paragraafindeling indien dit verkeerd is.
4. Kontroleer of alle liedjies se name in aanhalingstekens (of skuinsdruk) geskryf is. Korrigeer indien aanhalingstekens uitgelaat is.

Voltooi die volgende vraelys:

Beantwoord die volgende vrae deur ’n regmerk in die toepaslike blok te maak.	**Glad nie**	**Gedeeltelik uitgevoer**	**Goed uitgevoer**
1. Het die resensie ’n titel?			
2. Is die omslag van die CD beskryf?			
3. Het jou maat gesê of die omslag en titelsnit geslaagd was?			
4. Is aangedui watter snit(te) uitstaande is?			
5. Is die lirieke en melodie beoordeel?			
6. Is daar interessante gegewens oor die kunstenaar?			
7. Het jou maat aangedui vir watter teikengroep dit geskik is?			
8. Het jou maat gemotiveer waarom hy of sy dié CD aanbeveel?			

Week 37 en 38

Formele onderwyserassessering van toespraak

Aktiwiteit 125: Mondelinge evaluering (*Formele assesseringstaak nr. 10: Voorbereide praat*)

Assesseer die leerders se toesprake volgens die onderstaande kriteria.

Naam van leerder:_____	**Moontlike punte**	**Punte behaal**
Inhoud		
Trefkrag van inleiding	10	
Kennis van onderwerp	10	
Logiese beredenering	10	
Taalgebruik (verstaanbaar, gehoorvriendelik, skeppend en onpretensieus)	10	
Trefkrag in slot	10	
Totaal van inhoudelike	50	
Aanbieding		
Stemkwaliteit (duidelik hoorbaar)	10	
Houding en gebare	10	
Tempo, beklemtoning en afwisseling	10	
Entoesiasme en selfvertroue	10	
Kontak met die gehoor	10	
Totaal van aanbieding	50	
Groottotaal van toespraak	**100***	

* Verwerk na 10 punte

Repliek op die toespraak en wenke aan die leerder:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ _____

Onderwyser se handtekening Datum